

SARS Privaatsektor Gemagtigde Ekonomiese Operateur Belanghebbendesgroep

Tshwane, 9 Julie 2021 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) en Sake-eenheid Suid-Afrika (Busa) kondig graag die stigting van die SARS Privaatsektor Gemagtigde Ekonomiese Operateur (AEO) Belanghebbendesgroep aan.

Grensbeheer vereis 'n fyn balans tussen handelsfasilitering, invordering van die korrekte belastings en, terselfdertyd, verbetering van nakoming. SARS se agtste strategiese oogmerk aanvaar dat SARS dit nie alleen kan doen nie, en dat ons saam en deur belanghebbendes moet werk om ons voorneme te bereik. AEO is 'n belangrike tussenganger hiervan. Die teenprestasie is 'n vlak van akkrediasie, integriteit en vertroue wat onderling tussen die partye gebou is. Die AEO-program sal die bereik van hierdie fyn balans verseker teen die laagste moontlike koste, sonder enige kompromie tot die inkomstenakomingsrisiko's wat die beweging van goedere en dienste oor ons grense heen inhou.

SARS se strategiese voorneme is om te werk heens 'n stelsel van vrywillige nakoming. Dit vereis dat SARS voortdurend meer vertroue op belastingpligtiges plaas wat kies om nakomend te wees. Ons eerste strategiese oogmerk is om hul verpligtinge duidelik te maak; die tweede is om hulle te help om sodanige verpligtinge na te kom; en die derde, wat SARS in die belang van eerlike belastingpligtiges en handelaars doen, is die vermoë om nienakoming na te speur en daarteen op te tree. Dit is ter ondersteuning van SARS se uitkyk om 'n slim, moderne SARS te bou, insluitend doeane, met onbetwisbare integriteit en wat vertrou en bewonder kan word. Die AEO-program pas vierkantig in die algehele SARS strategiese voorneme en SARS pas sy moderniseringsprogram aan om hierdie strategiese voorneme te dien en te help om hierdie uitkyk te laat vrugte dra. SARS-doeane beoog om die beweging van goedere en mense oor ons grense heen te fasiliteer op 'n wyse wat ooreenkom met SARS se strategiese voorneme en uitkyk.

SARS het sy AEO-program in November 2020 bekendgestel, en tans geniet 137 maatskappye, gesertifiseer as geakkrediteerde handelaars, die handelsfasiliteringsvoordele. Oor die volgende vier jaar sal die program uitbrei om alle leweringskettingrolspelers, 'n vereenvoudigde program vir KMMO's, 'n enkele AEO-program en 'n enkele SACU AEO-program met aangevulde voordele in te sluit.

Om te herken dat 'n dinamiese vennootskap tussen SARS en belanghebbendes noodsaaklik is om innovering en ekonomiese groei te dryf, en dat die SARS AEO-program meer doelgerig reageer op 'n ewigveranderende omgewing, het SARS en Busa ooreengekom om 'n AEO samewerkende belanghebbendesgroep te stig. 'n Gesamentlike ontwikkelde vyfjaarwerkplan sal kulmineer in streeksintegrasië van die program teen 2025.

Volgens die SARS-kommissaris "is 'n ketting slegs so sterk soos sy swakste skakel. Wanneer SARS op vennote staatmaak, sal die integriteit van die ketting of leweringsnetwerk so sterk wees soos die swakste onder ons. Dit is in ons belang om te verseker dat ons saamwerk om almal van ons se belange te beskerm. As enige een van ons ons noue belange bo die gesamentlike belange plaas, sal ons op korttermyn wen, maar verloor op die langtermyn". Die kommissaris en Busa se hoofuitvoerende beambte stem ooreen, "ons moet almal saam optree en die hoogste nasionale belange as ons een grootste uitkyk plaas - sodat ons nie afbreuk maak aan hierdie balans van handelsfasilitering en die bestuur van die integriteit van ons grense, en nie die inkomste wat aan die fiskus verskuldig is in gedrang bring nie".

Die AEO-program is daarop gemik om te leer uit internasionale beste-gebruike in die ontwikkeling van 'n samewerkende, trots Suid-Afrikaanse benadering om handeldryf te bevorder en ons fiskus en burgerskap te beskerm".